# Fakkelskool ontvang Bybels



Fakkelskool het onlangs 'n skenking van 40 Bybels en R10 000 ontvang. Van links is dr. Sakkie Olivier, mnr. JB van der Merwe, Henrie Degenaar, Jan Kemp, Lauren Bender, Lindsay Tootell en Anna-Lize Coetzee.

SASOLBURG. - Fakkelskool in Sasolburg het op 31 Januarie 'n skenking van 40 Bybels en R10 000 ontvang.

Dit sal aangewend word om in die verskeie behoeftes van die leerlinge te voorsien. Fakkelskool is 'n skool vir leerlinge met spesiale behoeftes.

Hulle is baie afhanklik van donasies van buitepersone soos Life Christian Adventure, wat die groot som geld geskenk het.

Life Christian Adventure is 'n projek van 'n niewinsgewende organisasie genaamd Life Christian Foundation of LCF.

LCF het ook reeds takke in Namibië, Mosambiek en Engeland.

Die skool beplan om die geld aan te wend om hulpmiddels en ander toerusting aan te koop, ten einde die kwaliteit van die leerlinge se onderrig te bevorder.